147. KAB. A.11(4)

# EPILOOG

MC *in kollig. Hy praat sy* EPILOOG:

En so kom ons aan die einde
van 'n aand vol troebel pret -
want "troebel pret" is - met permissie -
die somtotaal en definisie
van hierdie hoerkind: KABARET.

Dit bied 'n leunstoel - sonder leuning -
en noem sy hoofdis: as-met-heuning;
dit sien die skedel agter vlees -
al sou dié vlees hőë prima wees.

Kom, klink 'n loopdop op die lot
en sit hom toe met: EDELVROT!

MC *stap oor na* SANGER *en vul sy glas.*

MC Toe, ou swaerie, hoe gaan jou songkie nou weer:

*'n Alsem*
*is 'n balsem*
*teen latenstyd?*

~~SANGER *ledig sy glas met een teug, en vee dan sy mond met die rugkant van sy hand af en sing:*~~